

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 42**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***Droogte.***

'n Woord op almal se lippe. Neerdrukkend.

Berigte van waternood en voergebreek stroom in. Die velde lê kaal en dood, op sommige plekke deur songeskroeide geraamtes ontsier.

Lang rooi stofkerse staan op die vlaktes, hoog in die lug. En hier teen die middag se kant word dit skemer. 'n Oomblik skep jy moed en dink dis onweer — maar dis stof! Sommige mense word stil en stroef. God praat. En as Hy só praat — wie sal Hom antwoord?

Ander word opstandig. Waarom moet ek ondergaan? Was al my swoeg en sweet verniet? Hoe kan God dit aan my doen? 'n Derde groep wil die nood nie sien nie. **Kom** ons vergeet dit maar. Laat ons vrolik wees en nog 'n bietjie skink — die smaak is goed! Wat moet ons houding wees?

Om in n onafwendbare, fatalistiese noodlot, waarvan die mens die slagoffer is, te berus soos die ongelowige — dit mag nie! Daar bestaan geen noodlot wat reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, krankheid en gesondheid, rykdom en armoede gee nie. Nee, dis God se werk. (Dink aan die 3% jaar droogte tydens Elia se lewe en lees ook Heidelbergse Kategismus Sondag 10).

Die strawwe is in God se hand. Maar ook die "vroë en die laat reën." (Joël 2 :23).

Laat ons dan pleit voor God om uitkoms — Hy alleen kan vir die aarde reën berei. Maar laat ons ook bid om 'n omkering van ons volk — 'n bekering tot God! As die hart van ons volk voor die Here reg was — sou ons nodig gehad het om biddae te hou? Sou God nie uitkoms gegee het, selfs nog voor ons vra nie?

Is die dooie vlaktes nie maar 'n weerspieëling van wat binne in ons hart is nie? Gee God dalk nou aan ons volgens ons geloof ?

En noudat die reën gekom het — sal dit in ons binneste ook spruit en blom in dankbaarheid aan God? Of gaan ons mooi beloftes so gou verdwyn soos die druppel in die stof? Mag God ons bewaar!

**W. J. Maritz.**

# *Ek doen wat ek wil*

Jy sê jy is 'n reguit mens.

Jy maak nie 'n moordkuil van jou hart nie.

Jy laat jou deur niemand voorskryf nie.

Jy doen wat jy wil.

Waar kom die dominee en die kerk vandaan om aan jou te wil voorskryf wat jy mag en wat jy nie mag doen nie in jou persoonlike lewe?

Aangename kennis, Vriend!

Ek praat graag met iemand wat reguit is. Dié geselskap beteken tog iets. Jy sal nie saamstem met alles wat ek sê, om dan net hier om die eerste draai vir jou maats te sê wat jy van my dink nie — jy sal dit sommer reguit vir my self sê.

Wat jou stelling van netnou betref, ek dink jy praat sommer. Want jy KAN nie doen net wat jy wil nie!

Om maar net 'n paar dinge te noem: Jy kan nie genoeg drink om die drankvoorraad in Suid-Afrika uit te put nie, al wil jy ook. Jy kan ook nie 'n wilde, uitspattige lewe, met al die seksuele vryhede van die wêreld, lei nie. Gou sal jy daarvoor so moeg word dat die enigste plesier wat daar nog vir jou sal oorbly, opium en dagga of ander verdowingsmiddels is. En as jy eers die SLAAF daarvan geword het, dan sal jy nie meer jou eie baas wees nie, nie meer kan doen wat JY wil nie.

Daar is nog meer dinge wat jy nie kan doen nie, nie met die beste wil in die wêreld nie!

Jy kan nie sonder suurstof leef nie.

Jy kan nie die aarde se aantrekkingskrag ontduik nie.

Jy kan nie die ouderdom keer nie . .

Jy kan nie die dood ontvlug nie . . .

Nouja kyk, ek weet dis nie wat JY bedoel nie, maar dis tog wat jy gesê het — "Ek doen wat EK wil." Kom ons ontleed jou stelling nog 'n bietjie verder.

As jy 'n wetsgehoorsame burger is, sal jy nou al toegee dat jy 'n groter hap afgebyt het as wat jy kan baasraak. Vanmôre nog, toe jy stad toe gery het, het jy die verkeerskonstabel (of erger nog die robot) gehoorsaam. Jy het gedoen wat die verkeersdepartement wou hê — nie wat jy wou nie! As jy gedoen het wat jy wou — om teen die rooilig in, oor te jaag, dan het die tien-ton-vragmotor met sy Bantoebestuurder jou die ewigheid in gehelp.

Of ook toe die koevert, gemerk "Amptelik" met die vorm van die Belastinggaarder jou bereik het. Jy het wel geswets en uitgevaar teen die ditse en datse Regering, maar op die ou end het jy TEEN WIL en dank die R150 inbetaal.

Maar genoeg.

Jy stem mos saam dat jou stelling nie in ALLE gevalle juis is nie, dat dit 'n illusie, wensdenkery is om te sê: "Ek doen wat ek wil".

Laat my nog net een ding vra.

Die ander terreine van die lewe waar

jou leuse nog bly:

### **EK DOEN WAT EK WIL**

"Ek doen wat EK. wil", — het jy al daarvoor nagedink waarom jy met soveel nadruk sê: " ..wat EK wil" ? Teenoor wie of wat stel jy die EK? Is dit teenoor jou vrou, jou man, jou ouers, jou kinders, ander mense, die dominee of die kerk . . ? of kan dit nie miskien wees teen die HERE nie, die God van wie moeder jou nog destyds geleer het? Die God wat sê: "Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie valse getuienis spreek nie, jy mag nie begeer nie"? Die God wat sê: "Jy moet liefhê." Jou naaste soos jousef en God bo alles? Is dit nie maar ten slotte teen Hom wat jy die EK opgewerp het nie? Moenie 'n moordkuil van jou hart maak nie, wees eerlik met jousef.

Ek sien jy voel ongemaklik, Vriend. Jou gewete is nie heeltemal verroes nie. Iets van die verlede praat met jou. Weet jy wat dit is? Dit is die herinnering aan die gelukkige dae wat jy geken het, voordat daardie groot ding in jou lewe plaasgevind het, toe jy verbitterd geraak het. Toe jy in opstand gekom het. Toe jy begin glo het dat jy KON doen wat jy wou.

Kom, ek sal jou toon waar jy rus kan vind vir jou siel — langs groen weivelde en waters waar rus is — sonder om in jou eer en trots gekrenk te word, jou selfrespek te verloor. Net soos die verlore seun uit die gelykenis. Daar sal geen verwyte wees nie, geen veragting nie. Net maar vreugde in die hemele — my seun was verlore en is gevind, hy was dood en het lewendig geword. Gaan terug na jou Vaderhuis. Daar sal jy Hom vind, die Here Jesus Christus, jou Borg en Middelaar, die Goeie Herder wat sy lewe afgelê het vir sy skape, die Weg en die Waarheid en die Lewe, Hom wat gesê het: "Nogtans nie My wil nie, maar u wil geskied."

Kom, ons doen net vir een oomblik wat Hy wil — Bid. Bid sonder ophou — "Onse Vader, wat in die hemele is . . laat u wil geskied, in die hemel net so ook op die aarde . ." Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak, om aan *u* wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees.

Wil jy dit nie maar doen nie? Ophou om te doen wat Jy wil en begin doen wat God wil? Dan alleen sal jy gelukkig wees.

**F. J. du T. Lessing.**

## *Ajiep, daar het ek 'n nooi gesien...*

"Ajiep, daar het ek 'n nooi gesien,  
Ajiep, daar sien ek haar weer,  
Ek gee nie om wat word van my,  
Solank ek net daardie mooi nooi kan kry.  
Ajiep! Ajiep! Ajiep!"

### **'n Lied van die asters!**

Voorwaar, die lewe is lekker, ons is jonk, ons sing, en die nooientjies is mooi. Niemand kan tog verwag dat 'n jongmens soos 'n verdroogde suurpruim moet wees nie. Nee, nie nou al nie! Môre, oormôre is jy oud, die skarniere kraak, en die jare kom sny plooi en kepe in jou gesig. Die astertjies word krom en verkreukelde ou vroutjies of soustannies. Nee, dis my beleid om die lewe te geniet solank ek kan. En hoe kan ek dit beter geniet as met die jong nooientjies? Vanaand met dié een en môreaand met 'n ander een. Ek is natuurlik glad nie ernstig nie, o nee! Of hulle is? Wel, ek gee nie om nie. Die groot saak is, hulle is nie ongeneë nie! Daar is Marie en Hettie en Sarie en Lettie en . . . maar jy moes die aster gesien het waar ek Saterdagand was! En die nooi wat ek gister ontmoet het . . . Fantasties, sê ek jou — absoluut fantasties!



### **'n Fantastiese mislukking.**

Ja — eienaardig, maar as ek jou so hoor praat oor jou baie nooientjies met hul fietse lyfies en lokkende oë, en jul aande saam, dan is dit asof 'n ou vriend uit die studentetyd voor my staan. Verskoon dat ek nie sy naam noem nie, dis maar 'n onsmaaklike storie. Wat ek wou sê is, hy het presies dieselfde opvatting gehad oor meisies. Hy het ook fantastiese nooiens gehad, en die wonderlikste tyd — net jammer vir hom, dis waar hy die grondslag gelê het vir 'n huwelik wat 'n fantastiese mislukking uitgedraai het!

As jy my nou vra wat die rede van sy mislukte huwelik was, moet ek sê: Wel, dit kon nie anders nie! Na 'n tyd het sy huwelik vir hom te saai en eentonig geword. Hy het na sy vele nooientjies begin verlang, en weer met sy ou pret begin. En vroutjie nie links nie (sy was ook maar so — jy weet mos, soort soek soort), het sy voorbeeld begin te volg. Foeitog, ek kry die ou kindertjies so jammer! Die skandvlek wat hulle moet dra. Jy weet mos hoe is mense. Wat ek wou sê is: Die man se lewe is verrinneweer. Dit moes kom! Hoe kan jy verwag dat iemand met so 'n oppervlakkige, losse beskouing van verhoudinge tussen 'n man en 'n meisie, dat hy 'n sukses van sy huwelik sal maak?

### **Weet jy wie sy is?**

Maar sê my eers: die nooientjie waarvan jy so flussies gesing het: ken jy haar? Nee — net soos ek gedink het. Verbasend mooi. Dis al wat jy weet, waarna jy kyk. Miskien ook verbasend beginselloos! Nee, ek weet nie, ek vra maar net. Want as dit so is, speel jy met vuur, en plaas eintlik jou hele toekoms in die weegskaal. Is dit nodig om jou te vertel van ander mense met dieselfde ligsinnige, oppervlakkige beskouings as jy, vir wie beginsels en lewenswaardes, opvoeding en godsdienis nie getel het nie, en wat die einde van die storie was? Wil jy hoor van mislukte lewens, van egskeidings, van vaderlose en moederlose

kindertjies?

### **Kaalvoet in die dorings.**

Die Bybel leer ons: Net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai, Gal. 6:7, 8.

Dit kan nie anders nie! Sê my, hoe ver kan jy kaalvoet in die dorings loop voor een jou steek?

Hoe lank kan jy speel met vuur voor jy jou vingers brand?

Het jy al hieraan gedink: daardie

mooi, maar leë, wufte poppie -- sy is vir

die ander mans ook mos mooi! Gaan sy getrou bly, net aan jou? En jyself, met 'n hart soos 'n hotel (soos jyself beweer), hoe gaan jy getrou bly aan een vrou? Jy wat soos 'n heuningby van een blom na die ander vlieg — hoe gaan jy eendag tevrede wees met net een blommetjie?

### **Wat jy saai sal jy maai.**

Ek gee nie om dat jy Ajiep! sing nie— solank dit maar bly by sing! Maar as hierdie liedjie jou sienswyse weerspieël, so oppervlakkig, so ligsinnig en los van alle beginsels en lewenswaardes, verwag dan die slegste van die toekoms!

Die Bybel leer ons dat die Here Self, asof met sy eie hand, na elkeen sy vrou lei. (Lees gerus hoe Isak en Jakob hul vrouens gekry het, en dat hulle nie onder die heidene mog introu nie).

Laat die beginsels van God se Woord ook vir jou tel. Maak jou toekomstige huwelik 'n saak van gebed! Op die oomblik waag jy dit nie om hieroor te bid nie hoe kan jy God ook vra om jou sondige flirtasies en ligsinnigheid te seën? Wees versekerd: Wat jy saai, sal jy maai. Saai in ligsinnigheid en sonder beginsels, en jy sal smarte oes. Maar uit 'n mooi en skoon verhouding waarin God geken word, en sy leiding gevra word, groei 'n geseënde, gelukkige huwelik.

Dink hieroor na. Dit wil sê, as jou toekoms vir jou die moeite werd is.

**W. J. Maritz,**

# ***GENIET DIE LEWE!***

'n Mens is maar net een maal jonk.

En die lewe is kort. Daarom moet jy jou jeug geniet.

Elke mens wat diep oor die lewe nadink, sal hierdie raad aan 'n jongmens gee. Hoor maar die woorde van iemand wat dinge in goddelike lig sien:

"Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë . . .

En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam . . En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie . . ."

(Pred. 11:9-12:1).

Daar sit baie waarheid in die stelling: "'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam." 'n Mens het 'n plig teenoor jou liggaam: dit moet jonk en lewenslustig wees, vol sprankeling en energie, dit moet die lewe kan geniet.

'n Mens het 'n plig teenoor jou jeug: dit moet opgeruimd en vrolik lyk, moet straal van genieting.

Die Bybel kan hierdie saak beklemtoon, want dit gee iets groots vir jou hart. En as jou hart gelukkig is, geniet jy alle dinge soveel meer. As jy byvoorbeeld 'n goeie tyding gekry het, lyk alles rondom jou sommer anders en mooier; dan gesels jy lekkerder, speel lekkerder tennis en voetbal en hou lekkerder piekniek . . . Ek wys jou 'n pad waarop jy die lewe kan geniet, intens kan geniet: met 'n intensiteit wat indring tot in jou hart, ja, selfs tot in jou siel.

Geniet elke uur van jou lewe, geniet elke dag van jou bestaan, geniet die lewe in sy geheel, geniet die ewigheid. Dit kan jy doen, as jy Hom wat die lewe is, vind en met Hom leef. Dan sal jy ná jou jeug — wanneer die ouderdom kom, wanneer jy nie meer aan die genietinge van die jeug kan deelneem nie.

nie 'n troostelose bestaan voer nie, want jou lewe is in dieper vreugde gewortel; genieting wat nooit verdwyn nie en 'wat jou gees altyd jonk en lewenslustig hou.

**J. L. Helberg.**

# ***Moenie dink ek is 'n heiden nie***

As ek met u daarvoor begin gesels dat u nooit meer in die kerk kom nie, of as ek met u daarvoor begin praat dat die mense nie meer aan u manier van lewe kan sien dat u 'n Christen is nie, — dan sal u waarskynlik voel dat u met reg ietwat verontwaardig oor my voorbarigheid, wil antwoord:

"Jy moenie dink ek is 'n heiden nie. Ek behoort aan 'n kerk".

Ja, u behoort ongetwyfeld aan 'n kerk.

Alle Afrikaners behoort aan 'n kerk. Jy sal feitlik verniet soek na 'n Afrikaner wat sal antwoord dat hy geen kerk het nie.

## **Die vraag waarom dit gaan.**

Maar die vraag wat die Here aan u en elke mens stel, is nie: Is jy lid van 'n kerk? nie, maar: Wat doen jy as lid van die kerk?

God se Woord het al gewaarsku dat ons moet oppas vir die groot afval wat daar in die laaste dae sal kom wanneer daar so baie mense sal wees " wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het" (2 Timotheüs 3:5).

U sê u glo; u behoort aan 'n kerk; u is gedoop en "aangeneem" — u het die hele gedaante van godsaligheid! Maar ek vra u beleefd, wees eerlik: het u die krag van die geloof? Die krag wat u dinge laat doen vir u God en vir u kerk?

## **Die duiwels glo ook.**

U sê u glo daar is 'n God daarbo.

God se Woord sê vir u: "Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder" (Jakobus 2:19).

Ja, u sien, die duiwels sidder. Hulle is vreesbevange, omdat hulle weet daar is 'n lewende God en hulle weet hoe vreeslik sy oordele is.

En daarom praat ek met u, omdat ook ék sidder as ek dink aan God se vreeslike handel wat wag vir ons as ons God vergeet.

## **Ons is bekommerd oor u.**

Ons is bekommerd oor u. Ons wil graag help! Maar miskien sal u sê: "Maar ek glo tog. Ek is geen ongelowige of goddelose nie! Hoekom moet ek vrees? Hoekom is jy bekommerd oor my?"

Ek wil nie met u stry nie, ek wil net God se Woord laat praat: "Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié (so 'n) geloof kan hom tog nie red nie? . . Die geloof, as dit geen werke het nie. is in sigself **dood**" (Jakobus 2:14 en 17).

Dáárom, vriend, praat ek, omdat jou geloof, as jy niks **doen** vir God of jou kerk nie, DOOD is en jou nie kan red van die oordeel van God nie.

U moet weer die krag van die geloof vind!

U kan dit vind as u kom na Jesus, Hy wat "die Weg, die Waarheid en die Lewe" is!

**J. C. Coetzee.**



## BESINNING

Ek skryf hierdie reëls in die koel skaduwee van 'n plaashuis se stoep.

Die plek waar ons vakansie hou, is geleë in 'n diep, afgeslote bergkom.

Die pad draai hier om.

Dis hier doodstil.

Gister, toe ons al byna veertien dae hier was, het hier vir die eerste keer besoekers gekom — 'n swygsame ou oom en tante van die buurplaas.

Hier sien jy geen mens.

Rondom is net hoë rante en digte bosse.

Deur die laagte kronkel die rivier. Sy oewers is vol ruie bome.

Saans sit ons op die stoep of op die grasperk en kyk na die sterre en luister na die stilte.

Dis 'n moeilik ontleedbare stemming wat hom in hierdie eensame uithoek van die wêreld van jou meester maak.

Iets wat grens aan verbasing.

Kan dit waar wees dat die lewe jou voor verlede week nog met soveel spanning en teen so 'n dolle tempo rondgepluk het?

Die telefoon, die radio, die gedruis van motors, die voordeurklokkie, mensprobleme en probleemense, vergaderings, drukte — en sommer alles wat jou lewe daagliks tot 'n malende kookpot omgeroer het, is meteens weg.

Die stilte is om jou.

Die stilte dring dwarsdeur jou.

Dit word 'n helende salf wat al die kneusplekke aan jou siel geleidelik genees.

Dit vou jou toe met 'n teerheid wat jy lankal gedink het nie meer bestaan nie.

Die bome, die lug, die verdwaalde reënbutjie, die beeste wat rustig wei, die byna roerlose gang van die rivier, die Sewester en die Suiderkruis wat jy saans raaksien, werk weldadig in op die gemoed.

En as jy in die laat middag gaan **stap terwyl die** skaduwees pers in die veraf bergvoue opkruip, het jy meteens die belewenis dat God hier baie naby is.

**P. W. B.**

# ***KAN DIEWE OOK GERED WORD?***

Daar is diewe buite en binne die tronk.

God weet van hulle almal. Hy ken elkeen se hart. Voor hom is niks bedek nie. Ons kan miskien nog die gereg uitoorlê, maar God sien ons oral waar ons gaan. Dit moet elke wetsoortreder in gedagte hou.

Toe Jesus Christus, die Seun van God, op aarde was, het Hy Hom ook bemoei met mense wat hulle aan andere se goed vergryp het. Een van diesulkes was Saggeüs.

Saggeüs was klein van persoon, en daarom het hy vanweë die digte samedromming van mense in 'n wildevyeboom geklim om Jesus goed te bekyk. Wat was sy verbasing groot toe hy moes ontdek dat Jesus bewus was van sy wegkruipery daar in die boom, en selfs sy naam ken! Want toe Jesus by die boom kom, kyk Hy op en sê: "Saggeüs, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly."

Saggeüs het Hom met blydschap ontvang.

Hierdie Saggeüs was 'n dief. Nee, nie in die tronk nie. Daarvoor was hy geslepe genoeg. As hoof van die tollenaars het hy volop geleentheid gehad om oneerlik in sy werk te wees. Hy kon naamlik meer belasting invorder as waarop hy geregtig was en die res in sy sak steek sonder dat daar ooit 'n haan na gekraai het.

Jesus het egter van al sy onderduimsheid geweet; en Hy het juis gekom om verlore nes soos Saggeüs te red, daarom het Hy hom geroep en in sy huis gegaan. En dit was Saggeüs, die geraffineerde dief, se redding, dat hy positief gereageer het op die roepstem van Jesus en Hom in sy huis en lewe binnegeelaat het.

Jesus is vandag nie meer op aarde nie. Hy het, soos u waarskynlik weet, ongeveer 1930 jaar gelede na die hemel opgevaar. Maar sy Woord (die Bybel) en sy Gees is nog hier op aarde, en Hy **kom** elke dag na ons om deur die werking van sy Gees en die prediking van sy Woord in ons eie taal. Ek sal u dus aanraai om gereeld u Bybel te lees en getrou die kerk te besoek, en sodoende antwoord te gee op sy roepstem. As ons dit nie doen nie, mag Hy by ons verbygaan, tot ons ewige rampsaligheid.

Op vele bladsye van die Skrif roep Jesus ons. "Kom na My toe . . .", "Bekeer jou. . .", "Ek staan by die deur en Ek klop . . ." Gee dan antwoord op sy roepstem, en laat Jesus inkom in u huis en lewe. Laat Hom in die sentrum staan. Dan is daar redding. vir Saggeüs, die verfynde dief, maar ook vir hulle agter slot en grendel. Wie sy verkeerde weg verlaat en Christus volg, sal innerlik verryk word. — Jesus **roep** u. Wat gaan u antwoord?

Nee?

Dan gaan u die ewige **gevangenis** in die hel tegemoet.

Ja?

Dan daag daar vir u die ewige bevryding van skuldvergiftenis en saligheid, dan mag u ook hoor wat Saggeüs uit die mond van Jesus verneem het: "Vandag het daar **redding** vir hierdie huis gekom."

**G.H.**

# *Rym dit?*

*Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie (Ps. 37:25).*

Dit kos 'n duur prys om 'n regverdige te wees, want dit vereis selfverloëning

Maar betaal dit?

Is daar 'n loon?

Is die opofferinge 'n belegging met diwidende?

Kan 'n mens — om nou maar net ons lewe hier op aarde te neem — dit verwag dat jy en jou kinders en nakomelinge dit soveel beter sal hê as ander mense omdat jy vroom en opreg lewe?

So sou 'n mens kon dink.

Maar so is dit nie.

Dit kom dikwels in die lewe voor dat ongelowiges voorspoed het en deur baie vriende omring word en dat van die teerste gelowiges en ook van hul nakomelinge net smarte belewe. Dis soms of hulle verlate is van God en die mense.

Dis verklaarbaar dat meer as een dan met vlymskerp woorde sal kom en sê: Daar het jy dit nou! So gaan dit met 'n mens as jy 'n Christen is! En verbeel jou dat die digter kan verklaar dat hy dit so oud as hy is, nooit teëgekome het dat die regverdige verlate is of dat sy nakomelinge moet bedel nie!

En dis nou die Bybel! sal nog hierby gevoeg word.

Moenie skrik nie, leser.

## **Die regverdige.**

Die Here verlaat sy kind nooit 'n enkele oomblik nie. Al vra die duiwel ook vir hom: Waar is God wat jy verwag, en waar is jou vriende? — selfs jou vader en jou moeder het jou verlaat! die Here is by hom en hy hoef nie te vrees nie, en daar is 'n skaar van gelowiges wat saam met hom in die stryd staan en ook vir hom bid.

## **Sy kinders en nakomelinge.**

Sal God dit toelaat dat hulle so verarm dat hulle moet gaan bedel? So iets het die digter, so verklaar hy, sy hele lewe lank nie gesien nie. En dis so verstaanbaar. Dis nie alleen dat daar onder die Israëliete nie mog gebedel word nie, maar ook met die tydelike seëninge vir die volk was dit nie presies soos nou nie.

So het die digter dit in sy tyd ondervind.

Met droefheid moet ons verklaar dat die ondervinding in ons tyd in vele gevalle helaas so anders is.

Dit gebeur soms dat nakomelinge — en miskien ook eie kinders — van vromes deur dranksugtigheid en ook ander oorsake bedelaars word.

Maar hoe wonderbaar!

Daar is 'n samehang tussen ons verhouding tot God en ons lewensomstandighede hier op aarde.

En hoewel dit wel voorkom dat nakomelinge en miskien selfs kinders van vromes vir voedsel moet bedel, tog gebeur dit nie baie dikwels nie. Daar is miskien godsaliges wat sal kan verklaar dat hulle dit in hulle lewe nooit gesien het nie.

En as God dit tog toelaat dat hierdie ramp hulle tref, bewaar Hy hulle om nie heeltemal in bedelary te verval nie, troos en bemoedig hulle.

Ja, die woorde van die digter staan daar en die lewe met sy sondes en smarte is daar.

Maar dit rym.

Dis deur Christus wat gewillig was om verlaat te word sodat ons nimmermeer verlaat sou word nie.

**D. N. Kotzé.**